

28 Februarie

**Elke dag word ons groter!**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13**  
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:11**

Oumatjie van 104 sê vir haar dogter van 80: "Ag, bly jy nou stil, jy is maar nog net 'n kind!" *Elke dag word ons groter!* In 1 Korintiërs 13:11 sê die skrywer dat hy klaar is met die dinge van 'n kind. Die gemeente in Korinte was eintlik nog in hulle kinderskoene.

Kind word teenoor die man geplaas. Die skrywer sê: Toe hy nog 'n kind was, het hy *gepraat, gedink en geredeneer* soos 'n kind. Hierdie "kind" was nie ouer as vier jaar nie. Na so 'n kindjie se gepraat moet jy mooi luister, en hy dink ook anders. Hy oefen nog om 'n standpunt te vorm. Hy redeneer, en sy insig en logika groei.

Net so moet jy mooi na 'n groeiende Christen se gepraat luister. Jy is dikwels in jou denke ook soos 'n kind. Jy dink ook na oor dinge en maak ook die fout om kortsigtig soos 'n kind te *redeneer*. Kom ons word elke dag groter!

Vers 11 praat van 'n "man" en "aflê". Die man verwys na "'n volwasse man wat troubaar is". Hy groei in sy geloof en neem verantwoordelikheid. Hy kan nie meer met sy vriende kerjakkertjie nie. Hy breek daarmee. So moet jy nou breek met die dinge van 'n kind. Vererg jy jou ook? Deur Jesus se verlossing is jy in staat om teen onvolwassenheid te stry.

Jongeling, nou kan jy 'n volwasse gelowige wees. Middeljarige, nou kan jy 'n verstandige ouer wees. Pensioenaris, nou is jy 'n waardige voorbeeld, raadgever en voorbidder. Tree môre anders op as vandag, omdat jy groter geword het. Bid dat God jou elke dag groter laat word.

*Sing: Psalm 128:2, 3*

*Ds. Joop van Schaik (Kempton Park-Noord)*